

## BYBELLEESROOSTER EN PREEKROOSTER PAASTYD 2018

Ons het die afgelope jare die waarde daarvan ontdek om **in ons persoonlike Bybellees dieselfde Skrifgedeelte vir 'n week lank te lees** – eerder as elke dag 'n ander teks. Die eeu-oue *Lectio Divina*-metode [sien agterop] is een van baie hulpmiddels wat jou hiermee kan help. Dit sal jou help om die Skrifgedeelte nie bloot herhalend te lees nie, maar regtig al “dieper”, op so 'n manier dat jy die Gees [God!] regtig kan hoor en Hy in jou lewe kan werk.

Ons moedig ook **kleingroepe/families** aan om ook tydens die week die teksgedeelte saam te lees en te bespreek.

Op Sondag kom ons dan in die **erediens** bymekaar om die week se teks saam te lees en God se genade daarin te vier!

### LEES DIE BYBEL SÓ DAT JY GOD HOOR EN ONTMOET

#### LEES



Lees die teksgedeelte 'n paar keer rustig deur, indien moontlik in meer as een vertaling. Leer om te *luister* terwyl jy lees. Jy lees nie bloot vir informasie nie. Jy lees en luister met jou hart - omdat jy God wil hoor en ontmoet. Identifiseer daardie vers, frase of woord wat jou veral aanraak.

#### MEDITEER



Dink verder na oor die woorde of frases wat jou veral in die teks aanspreek: wat hoor jy daarin; watter emosies maak dit by jou los; wat sê die Here vir jou daarin? Meditasie trek ons eie leefwêreld in die teksgedeelte in: die teks begin ons lewe “lees”. Die Bybel (God!) raak die “subjek” van die aktiwiteit en ons lewe die “objek”.

#### BID



Wanneer die teks so met jou begin praat, is dit 'n spontane reaksie om daarvoor met God te begin praat. Bid oor dit wat jy hoor God vir jou sê of vra of beloop.

#### ONTVANG & LEEF

Pas dit wat jy gehoor het op jou lewe toe. Glo dat die Here dit wat Hy in sy Woord van jou vra, *deur sy Gees in jou lewe kan en sal doen*. “Ontvang” dit in die geloof soos Maria in Luk 1:38: “*Laat dit met my wees volgens u Woord*”. Bid is hier ontvang en dankie sê.

Onthou dat hierdie vier fases nie iets meganies is nie. Doen soms net een fase per dag. Soms sal jy vind een fase vloei sommer in die ander oor. Vind jou eie ritme.

## PAASTYD

Paastyd is die seisoen van die Christelike geloofstradisie waarin die sentrale gebeurtenis van kerk gevier word: die kruisiging en opstanding van Jesus Christus uit die dood. Hierdie Bybelleesrooster wil jou neem vanaf Palsmsondag, die kruisiging, opstanding en die gebeure daarna. Ons dink veral na oor wat hierdie boodskap vir ons as 'n geroepe geloofsgemeenskap beteken.

## EIE BYBELLEES

<i>Week</i>	<i>Seisoen</i>	<i>Teks</i>	<i>Erediens</i>
19 - 25 Mrt	<i>Palmsondag</i>	Mark 11:1-11 Fil 2:5-11	25 Maart
26 Mrt - 1 Apr	<i>Paassondag</i>	Joh 19:38-20:10	1 April
<b>Reeks: Saam geroep</b>			
2 - 8 Apr	<i>Paastyd</i>	Luk 4:16-21 Gal 3:27-29	8 April
9 - 15 Apr	<i>Paastyd</i>	Rom 12:1-8	15 April
16 - 22 Apr	<i>Paastyd</i>	Mat 22:34-40	22 April
23 - 29 Apr	<i>Paastyd</i>	Matt 25:31-46 Miga 6:8	29 April
30 Apr – 6 Mei	<i>Paastyd</i>	Matt 6:25-34 Matt 13:31-33	6 Mei

